

20 Julie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:1-17

Fokusgedeelte: DL, 5:3

Onthou: God is getrou!

Watter troos is daar vir ons wanneer ons voel: Hierdie versoeking is net te groot, ek sal dit nooit kan weerstaan nie? Die Woord sê (vers 13): “Geen versoeking wat meer is as wat ’n mens kan weerstaan het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.” Dit is God se troos vir gelowiges wat stry teen hulle sondige natuur en die aanvalle van die wêreld en Satan!

In ons stryd teen die sonde en versoeking is ons geheel en al van God afhanklik. Hy weet wat ons elkeen se geestelike weerstandsvlak is en “Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie ...” Deur God se genade is enige versoeking dus weerstaanbaar. Daar is daarom nie iets soos ’n versoeking wat net te groot is nie! Onthou: God is getrou, daarom sal Hy nie toelaat dat ek bo my kragte versoek sal word nie.

Verder waarborg God se getrouheid dat, as die versoeking kom, Hy ook die uitkoms sal gee, sodat ons dit kan weerstaan. Dit is sy belofte! Hy sal die uitkoms gee! Daarom bely ons dat “die bekeerdes nie in hierdie genade (kan) volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bekragtig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig daarin bewaar.”

Omdat God getrou is sal Hy ons nie aan ons eie kragte oorlaat nie. Hy sal uitkoms gee. Hy het dit eintlik al klaar gedoen deur sy Seun, Jesus Christus, as soenoffer te gee en sy Gees, wat ons geestelik sterk maak, oor ons uit te stort!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~